

Vrydag 26 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 12:1-25

Fokusgedeelte: Handeling 12:1-25

Gewone mense wat bid, beleef dikwels buitengewone werke van God!

Heel dikwels in die kerk se geskiedenis (soos wat in ons teksgedeelte beskryf word) het dit gebeur dat die gelowiges vervolgd en gemartel is vir hulle geloof. Tewens, hierdie booshede gebeur vandag nog in sommige lande. Gemeentelede is *gevang en mishandel* (12:1), Jakobus, die broer van Johannes is *met die swaard vermoor*, Petrus is *gevangene geneem* en *in die tronk gegooi*, en ons kan aanvaar daar was sekerlik ook nog ander insidente en omstandighede wat nie vir ons opgeteken is nie.

Tog sien ons nie dat die gelowiges die wapen opneem en terugslaan nie, ook nie dat hulle oppak en wegtrek (en spreekwoordelik “weghardloop” nie). Nee, ons lees die gemeente het gebed (12:5). Hulle het *aanhoudend* (vir Petrus) *tot God gebed*. Ook in vers 12 van die Skrifgedeelte lees ons weer dat *die gelowiges saam was om te bid*.

Die gebede van gewone mense, gelowige mense, vorm deel van hierdie gebeure. Nie alleen bly hulle staande in hulle geloof nie, maar Petrus wat in boeie in die tronk sit, word deur die engel van die Here, ja, *deur die Here self*, op wonderbaarlike Goddelike wyse uit die tronk bevry en uit die hande van Herodus gered. En was dit nie ’n antwoord op hulle gebede nie?

God die Heilige Gees leef immers in ons (gelowige) harte en in ons gedagtes. Hy ken die versugtinge van ons siel en gees en Hy tree ook in om te help as dit sy wil is. So ervaar die kerk deur die eeue buitengewone Goddelike ingrype, ook wanneer gewone gelowiges bid.

Christus bewaar sy kerk en laat groei sy kerk waar gewone mense hulle afhanklikheid van Hom erken en bely. Kom ons bid ook vir God se genade vir ons, sy Goddelike werk en die verspreiding van sy Woord in die jare wat kom (jare wat dalk nie almal so maklik gaan wees nie)!

Sing: Psalm 146-1:1, 2, 3

Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)